Publication: Beeld - Sake
Title: Boere skep so uit windkrag
AVE: 55623.46
Page: 13
Publish Date: 17 May 2019
Author: Francois Williams

'n Ontwerpvoorstelling van hoe die Roggeveld-windplaas in die Karoo gaan lyk. Die projek is deur G7 ontwikkel, maar later deur Building Energy oorgeneem. Foto: G7

BLOEITYD VERWAG

Boere skep só uit windkrag

'Beste plekke' meestal ingeneem

Francois Williams

Boere op wie se plase 'n kommersiële windplaas gebou word, kry 'n stewige finansiële inspuiting daaruit.

Hulle word al betaal wanneer die aanvanklike toetse en studies op hul plaas gedoen word en word vergoed vir die ongerief tydens die konstruksie van die windplaas. 'n Langtermyn-huurkontrak word dan met die boer gesluit, al kan hy soos gewoonlik met sy landboubedrywighede voortgaan.

Dr. Kilian Hagemann, uitvoerende hoof van die windkragontwikkelaar G7 Renewables, sê wanneer die windplaas begin krag verkoop aan Eskom, kry die eienaars van die grond waarop die windturbines gebou is boonop enigiets tussen 0,8% en 1% van die omset uit kragverkope.

Hagemann het in 'n onderhoud by Africa Utility Week in Kaapstad gesê 'n windplaas neem omtrent net 'n halwe tot een hektaar per windturbine op en sowat 99% van die grond is onaangeraak.

Hy voorsien 'n nuwe bloeitydperk vir die windkragbedryf oor die komende jare as die regering se geïntegreerde hulpbronplan (IRP) van krag word. Die IRP is die bloudruk vir kraglewering tot 2050 en is veronderstel om gereeld hersien te word.

Volgens een uitgelapte weergawe van die nuwe IRP sal die regering toelaat dat nog sowat 1 600 MW windkragvermoë van 2023 tot 2030 gebou word.

G7 ondersoek tans persele vir windplaasontwikkeling. Hagemann meen hoewel baie van die beste persele reeds in die eerste rondes van die groenkragprogram bekom is, is daar nog heelwat goeie plekke, veral in die Wes-, Noord- en Oos-Kaap, waar nuwe windplase gebou kan word. n die Vrystaat, Limpopo, Mpumalanga en KwaZulu-Natal is daar plek-plek potensiaal vir windkrag, sê Hagemann.

Die "beste" plekke vir windplase wat meestal reeds ingeneem is, is waar die wind die standhoudendste waai en 'n Eskom-kraglyn naby is.

Die persele waarna daar nou gesoek word, het dalk goeie wind, maar is ver van die naaste Eskom-substasie of kraglyn, of dit is naby 'n kraglyn, maar die windtoestande is wisselvallig.

Eskom en windkragontwikkelaars werk toenemend saam, en Eskom gee ontwikkelaars byvoorbeeld toestemming om self 'n nuwe kraglyn na die naaste Eskom-substasie te bou as Eskom nie die tyd en geld daarvoor het nie.

Die kragkoopkontrakte by windplase strek gewoonlik oor 20 jaar, maar Hagemann sê die tendens in Europa en elders is dat windturbines reeds ná tien tot 15 jaar deur nuwe tegnologie vervang word, byvoorbeeld groter, doeltreffender windturbines en minder van hulle, maar wat dieselfde of selfs meer elektrisiteit opwek as die voriges.

Dit dra by tot laer kragkoste. Hy verwag dieselfde sal in Suid-Afrika gebeur.

Tegnologie-ontwikkeling in die windkragbedryf versnel volgens Hagemann geweldig.

Waar nuwe modelle in die verlede elke twee jaar bekend gestel is, is daar nou bykans elke nege maande verbeterings aan die tegnologie.

Rompslomp

Daar is baie rompslomp om 'n windplaas gebou te kry.

Tien tot 15 permitte en verskillende goedkeurings moet verkry word van al drie vlakke van regering, van die Burgerlugvaartowerheid, die Astronomiese Vereniging en die SKA.

Dit is benewens heelparty omgewingsgoedkeurings.

Dit kan tot drie jaar duur voordat die ontwikkelaar aan die departement van energie se groenkragprogram kan deelneem.

As jy dan gekies word as voorkeurbieër, kan dit nog 12 tot 24 maande duur om die finansies te beklink. Dit kan dus vyf jaar duur voordat bouwerk uiteindelik kan begin.

Die Roggeveld-windplaas wat G7 in Desember 2009 begin beplan het maar intussen verkoop het, het eers in April verlede jaar sy finansies beklink en bouwerk sal eers teen April 2021 voltooi wees. Dit sal dus byna 12 jaar neem voordat die windplaas sy eerste krag kan opwek.

The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.